Ekonomiese toestande in 1929.

Die Indiese argipel is baie swaar getref deur die wêrelddepressie van 1929, aangesien 'n produksie- of grondstowweland altyd baie kwesbaar is. Die Westerse bedrywe in die argipel het toe op groot skaal besuinig, die menslike arbeidskrag is deur masjiene vervang en baie van die inheemse bevolking was dus sonder werk. Internasionale produksiereëlings vir suiker, rubber, tee, tabak en tin het toe tot stand gekom. Dis in hierdie jare dat Japan die mark oorstroom het met sy goedkoop produkte en so die Westerse nasies verdring het. Die owerheid het dus besluit om industrialisasie aan te moedig, 'n invoerkwota vas te lê en die oorbevolking van Java te emigreer na Sumatra. Die gevolg was dat die Indiese argipel as 'n selfstandige land verder ontwikkel en minder afhanklik van Nederland gemaak is, terwyl die nasionale strewe van die bevolking in hierdie krisisjare ook sterk ontwaak het.

Die posisie is vandag dat Indonesië onafhanklik is, behalwe Nieu-Guinea wat nog onder die Nederlandse vlag is. Die gebeurtenisse in die jongste oorlog het egter die prestige van die blankes geweldig laat daal met die verowering van hierdie gebiede deur 'n Oosterse ras, die Japanners.

WAAROM?

IRAM

Op wieke van 'n sug
ontvlug
'n naamloos' leed,
'n maatloos' pyn —
wat almaar dieper skryn —
my jammerende siel.

Waarom, O waarom, moet
ek boet
in enge vasgekerenheid?
Waarom dan durf my sielsverlange
nie ook soos joune onbevange
uitsweef, ongebonde, vry?

Waarom moet onvermydelikheid
van ewige gebondenheid
die kiemsel van my siel versmoor?
Waarom moet ek die ploeterend' gang
van alledaagse vaalheid gaan, so wrang,
as dieper, teerder stemme luider roep?

The Magic of Study

R. WALLIS

My most cherished possession cannot be seen, but it can be felt inside. I refer to the knowledge I have gained by studying for a degree; or rather to the effect that the knowledge has had on my mind.

I look at myself a few years back — and shudder. I see an ignorant, prejudiced, biased, bigoted and forward young nincompoop; and what is worse, a fellow quite content with his condition. Today I have the thrill of knowing that through the search for knowledge I have conquered many of those prejudices, and that, with more study and experience, I may develop into a fairly wise, tolerant, humane citizen.

This astonishing metamorphosis, this sudden acceleration of intellectual and moral development has something of awe in it, something of magic. It is a spiritual experience of the deepest kind, for God is knowledge, and the acquisition of knowledge godlike. As the timeless trail passes slowly underfoot, as the milestones of achievement go by, this feeling of awe strengthens. Life is found to be not so simple after all, and the most common situations become invested with a wonder, take on a dramatic tinge. The past is ever before the student, colouring, deepening, intensifying his perception of the present, moulding and guiding his future, his destiny and perhaps the destiny of other people, for the young student is a leader in embryo.

Later the student's hard-won wisdom and detachment must be used in life's crises to steady his fellows when ignorant passion is unleashed; when the citadel of civilized intellect is assailed and when the embattled salients of new-born knowledge are threatened with destruction.

Those who have won a mastery of some department of art or science carry a great responsibility. They bear the fragile vase of civilization. It is an exciting and also a sobering reflection.

Anyone born with an intellect capable of advanced study should cultivate it to the full for noble ends. To neglect to do so is to waste a precious gift, and to fail in one's duty to God. Indeed, neglect inevitably brings frustration and restlessness.

There are many adverse critics, in South Africa and elswhere, of external degrees. They consider that a true University training cannot be given by post. Surely they are wrong. Knowledge is not locked up behind the brick and stone of University walls, but lies embodied in the great works of great thinkers. The correspondence University directs students to these books, which they could never discover by themselves and also directs students through the maze of the writer's thought.

I treasure these friends to whom I have been introduced by the University of South Africa. Fisher, Walker, Newbigin, Unstead, Taylor, Sobeck, Steers, the University Atlas, Shakespear, The Parnassus, The Golden Treasury, Stevenson, Lamb, Conrad, Lawrence, Shaw, Gardner, Wyatt, Voltaire, Rousseau, Montesquieu, Cattell — the list is long. To come into contact with such a body of intelligence is a revelation, and we students owe an unpayable debt to the founders of the External Division and to the directors and interpreters of its policy.

The Part Played by Missionary Churches in Bantu Education in the Province of the Orange Free State

W. M. KGWARE, M.A., B.Ed.

IN January, 1949 the late Dr. A. J. Stals, then Minister of Education, appointed a Commission of eight members, under the chairmanship of Dr. W. W. M. Eiselen, now Secretary for Native Affairs, to inquire into the present system of Bantu education and to make recommendations for its possible improvement. The Commission completed its Report in April, 1951 (U.G. No. 53/1951).

One of the major recommendations of the Eiselen Commission is that the local administration of Bantu education should be transferred from the Missionary Churches to local Bantu Authorities. It is probable that legislation to implement this and other recommendations of the Commission will be introduced by the Minister of Education during the 1953 session of Parliament. In the following paragraphs a brief account is given of the part played by the Missionary Churches in Bantu education in the province of the Orange Free State.

A. *The Period of Beginnings: 1823—1902.*

As in the other provinces of Union, Bantu education in the Free State owes its genesis to the work of missionaries. In 1823 Landdrost Andries Stockenstroom and the Rev. Abraham Faure, of Graaff-Reinet, founded a mission school, the first of its kind, some twenty miles north of the Orange River. This mission station was called Philippolis in honour of Dr. John Philip, the famous superintendent of the London Missionary Society stations at the Cape at that time. The mission station at Philippolis was intended to serve the wandering Bushman and Koranna tribes, but as these people could not be induced to lead a settled life, the Griquas, under their captain, Adam Kok, were prevailed upon to settle there.

In 1822 two Wesleyan missionaries, Broadbent and Hodgson, travelled from Cape Town northwards until they reached Maquassie, in the western Transvaal, where they settled among a tribe of Barolong under their chief, Sefunelo, the father of chief Moroka of Thaba'Nchu fame. Harassed continually by the Matebele of Mzilikazi, the Barolong at Maquassie, accompanied by the Missionaries Hodgson and Archbell, the latter having replaced Broadbent, struck camp and moved from place to place eventually landing at Thaba'Nchu where they at length found peace under the protecting hand of Moshoeshoe, the founder of the Basotho nation. A flourishing mission station was established at Thaba'Nchu in 1832.

In 1834 the Berlin Mission Society sent out five missionaries who obtained a grant of land for a mission station from Adam Kok. The new station, situated some twenty miles south of Bloemfontein, was called Bethany. Originally intended for the nomadic Koranna, Bethany was destined to become a flourishing station for the evangelization of the Barolong and other Tswana tribes.

After the Basotho War of 1865 two new missionary agencies established themselves in the Free State, viz., the Dutch Reformed Church at Witzieshoek and the Anglican Church at Modderpoort.

Each of the main mission stations mentioned above served a greater or lesser number of out-stations, the latter generally placed in the charge of a Bantu local preacher or catechist. Because of the unsettled state of the country at the time, many of these out-stations were short-lived; indeed even the main stations were always in danger of being overwhelmed by warring tribes.

Realising that their work of evangelizing the Bantu tribes would be greatly prospered if their newly won converts could read the Catechism and the Scriptures in their own native languages, the missionaries, who had themselves diligently learned to speak these languages, opened schools where religious instruction, hymn-singing, and the three R's were taught. At a later stage elementary instruction in the rules of health, field husbandry and handcrafts was introduced. The European language spoken by the respective missionaries also found place in the school curriculum.

The missionaries did not only offer their services as teachers but they were also responsible for the erection of schools. They were at once stone-masons, bricklayers and carpenters. They had to find all the funds required to run their schools. Most of the necessary financial support came from missionary societies in Europe; but the Volksraad of the young Republic of the Orange Free State also made financial contributions from its limited resources. In 1878 the Volksraad decided to make a grant of £45 per annum to the Dutch Reformed Church for the maintenance of its Bantu schools at Witzieshoek. In 1889 a grant of £30 per annum was voted for the Berlin Mission school at Bethany, and one of £50 for the Wesleyan schools at Thaba'Nchu.

B. *The Period of Growth and Development: 1903—1952.*

After the Peace of Vereeniging the missionaries set about to repair the damage done by three years of warfare. Churches were built or rebuilt, schools opened or re-opened, and the scattered congregations shepherded together again. In 1908 the Dutch Reformed Church opened a training school for Bantu teachers, evangelists, and ministers near Viljoensdrift. This school was named "Die Stofberggedenkskool" in honour of the Rev. Stofberg, of Mochudi, who for many years had urged the need for such a school. The capital required for the establishment of this boarding school was provided jointly by the Dutch Reformed Churches of the Cape, Transvaal, Natal, and the Free State, for this institution was intended to supply the Bantu workers for the D.R.C. mission field throughout Southern Africa.

In 1922 the Anglican Church attempted to open a secondary school at Modderpoort, but it was not until six years later that this project was accomplished. In 1928 a well organized secondary school and a teacher-training college were opened. In 1937 the

Job with a future—
BANKING
Young people, ambitious to build a career, should contact the Manager of the nearest Branch of the Bank.
NBSA
NETHERLANDS BANK OF SOUTH AFRICA LIMITED
REGISTERED COMMERCIAL BANK

Wesleyans at Thaba'Nchu started schools similar to those at Modderpoort. About the same time a missionary hospital was built and this hospital, called the Moroka Missionary Hospital, is today recognized by the Medical and Nursing Councils of South Africa as a suitable training centre for Bantu nurses. A decade ago the D.R.C. opened its second teacher training school in the Free State, viz., the Strydom Opleidingskool, in Bloemfontein.

Until 1923 the Missionary Churches had to find most of the money required to run their schools. In that year the Provincial Administration of the Free State assumed responsibility for the payment of teachers' salaries, thus relieving the missions of a crushing financial burden which had been cheerfully borne. With government subsidy of mission schools came a government-drawn code, inspection by government-appointed inspectors, and government-conducted examinations. Prior to these innovations the missionary, aided by the Bantu clergyman or evangelist, was at once curriculum-maker, inspector, teacher, and examiner. Today missionaries and/or Bantu ministers still serve as managers or superintendents of their schools, a service which they render without any remuneration by the State.

A unique feature in the organization of mission schools in the Free State is the so-called united school found in all the urban areas of the province. The movement towards amalgamation of mission schools began in the early 1920's. Before that time there was to be found in each municipal Bantu village a number of denominational schools, each school jealous of its own interests and not infrequently engaging in cut-throat competition with the other schools. With the establishment of united schools it has become possible for the missions to approach the municipal authority jointly for financial assistance in the erection of school buildings for the Bantu village community as a whole.

Out of a few of the more populous united schools, notably those at Bloemfontein, Kroonstad, Bethlehem, and Heilbron, there have grown secondary and high schools which are also under missionary administration. There are no government schools for the Bantu in the Free State.

Another noteworthy development during the last two decades has been the establishment of mission schools for the Bantu on European-owned farms. In 1949 there were 436 of these schools or over 75 per cent. of Bantu schools in the province. It is interesting to notice that the Free State has more farm schools than any of the other, and larger, provinces of the Union. The establishment and sucess of the farm schools are proof alike of the diligence and tact of the missionaries, on the one hand, and the sympathy and interest of the average white farmer in the matter of Bantu education and general development, on the other.

What of the future? We quote paragraph 983 of the Eiselen Report.

> "Your Commission's recommendation that the control of Bantu schools should gradually be transferred to Bantu Local Authorities does not imply a desire to see a reduction of the activities of religious bodies on behalf of the Bantu. On the contrary, it is the earnest desire of the Commission that this work should grow and expand, and that religious bodies should do all in their power to support and promote the work of the schools."

Kunshistoriese Toer na Europa

STUDENTE of oud-studente wat belang stel in 'n kunstoer deur die klassieke Sisilië, deur Italië en Suid-Duitsland, kan nog by 'n groep aansluit wat op 12 Desember per vliegtuig vertrek en op 13 Januarie 1953 terugkeer. Hierdie toer wat deur dr. E. Holm gereël word, bied 'n gunstige moontlikheid om teen verminderde pryse o.a. Segesta, Selinunte, Agrigento, Siracusa, Taormina, Napels, Rome, Florence, Venesië, München, Ulm ,Heidelberg, Spiers, Worms, Mainz, ens. te leer ken.

Om teleurstellings te voorkom word belangstellendes aangeraai om hulle moontlik vroegtydig aan te meld sodat besonderhede i.v.m. reiskoste, roete, ens., verstrek kan word. Alle korrespondensie moet gerig word aan:

Dr. E. Holm, Universiteit van Suid-Afrika,
Posbus 1513, Pretoria.

Soortgelyke groepstoere onder deskundige leiding op alle gebiede van die akademiese lewe word vir die toekoms beplan.

SLEGS WIE VERLANGE KEN . . .

IRAM

As ek so dwalend, soekend tas,
Dan steek daar pynlik in my boesem vas
'n skrynend' sielesnik.

Hoe kan ek jou dit sê, o, hoe verklaar
Wat in my siel ontbrand, die smart gepaar
met diepe sielskonflik?

Jy met jou dieper insig, ha! — is jy dan blindgeslaan,
Ken jy geen hart, kan jy nie weet wat jy begaan
deur insigloosheid gans bevange?

Jy, stamina van lewensvreug, van sielsgeluk,
Jy laat my kruipend gaan, gebuk
in hunkerende sielsverlange!

Jy hoor nie eens die brokkelende flarde van 'n sug
Wat hunkerend my hart ontvlug
as liefde hoog gedy.

Jy merk nie eens die pyndeurpriemde hart
wat naak en smekend voor jou staan;
Want onverskillig-koud, gevoelloos gaan
jou blik my sydelings verby.

O! . . . dat ek aan jou my sugtend' hart kon openbaar!
Dat jy in wederliefde teer die myne sou aanvaar . . .
maar nee, helaas, dis tevergeefs! te veel gevra.

Slegs wie verlange ken, weet wat ek ly!

POETIC IMAGERY: The Simile

Dr. J. T. GREEN, M.A.(S.A.), Ph.D.(Leeds)
(Department of English, Teachers' College, Heidelberg)

THE reading of good poetry is a perennial delight. We consider a poem good when it expresses in clear and simple language that which most of us feel in certain circumstances, but seldom can express with sincerity and feeling. A poem is good when it contains certain sense or mind pictures. These we call images, like simile, metaphor, or personification. In this article I would like to tell you something about the simile, with particular reference to the poetry of Matthew Arnold, the great Victorian, who gave us such delightful things as "Sohrab and Rustum", "Dover Beach", "Empedocles on Etna", and "Resignation".

Simile is a figure of speech in which resemblance or analogy is perceived amid essential unlikeness, introduced by the particles "as" and "like", or some other equivalent.

Simile and metaphor are varieties of poetic effect which have always been associated. This is how Aristotle connects them: "Now we do not know the meaning of strange words, and proper terms we know already. It is metaphor, therefore, that above all produces this effect; for when Homer calls old age stubble, he teaches and informs us through the genus; for both have lost their bloom. The similes of the poets have also the same effect; wherefore, if they are well constructed, an impression of smartness is produced." Therefore a simile is really a metaphor with a preface; it says that one thing resembles another, not, like the metaphor, that it is another.

The simile may be called an extended metaphor, the metaphor a compressed simile. But the real difference between the two is one of great theoretic importance. In the simile, the comparison is indicated by a distinct particle, "as" or "like", as I have said. It is therefore formal imagery. But in metaphor we have veiled imagery, where there are no particles to reveal resemblance — the connection of the two ideas is made indirectly, insinuated, as it were, into the expression of a sentence.

The readiest means of illustrating an object or an action or even an idea, is by representing it as like something more familiar. When the two objects so likened to each other belong to the same order of being, we have merely a comparison; when they belong to different orders of being, we have the figure known as simile. It is, however, difficult to maintain this strict distinction in practice, since it depends largely on the context.

In his "Art of Rhetoric", Aristotle tells us what condemns poets in their wrong use of simile, but also what recommends them if they use it with propriety: "Similes, also, are always in a manner approved metaphors; since they always consist of two terms, like the proportional metaphor, as when we say, for instance, that the shield is the goblet of Ares, and the bow a lyre without strings. But such an expression is not simple, but when we call the bow a lyre, or a shield a goblet, it is."

Simile and metaphor are often distinguished by saying that the former is an explicit comparison introduced by "as" or "like", while the latter is an implicit comparison, all terms or comparison being omitted. But the difference, both from a literary and a psychological point of view, lies deeper. Emotion so fuses thought and image that they appear as one, and we have metaphor. Simile deliberately holds them apart and views them separately. The formal nature of the introductory "as" or "like" brings a pause, a slackening, and a certain interruption. We lose the force and rapidity of metaphor.

Simile, then, being the great illustrative figure, is especially adapted to promote clearness and thought of expression not so well adapted to force and passion. But this does not mean that simile is less pleasing than metaphor, because more at length. Consider the following example from Arnold's "Balder Dead":

"And as in winter, when the frost breaks up,
At winter's end, before the spring begins,
And a warm west-wind blows, and the thaw sets in —
After an hour a dripping sound is heard
In all the forests, and the soft-strewn snow
Under the trees is dibbled thick with holes,
And from the boughs the snowloads shuffle down
And, in fields sloping to the south, dark plots
Of grass peep out amid surrounding snow,
And widen, and the peasant's heart is glad —
So through the world was heard a dripping noise
Of all things weeping to bring Balder back;
And there fell joy upon the Gods to hear."

But sometimes this formalness and deliberateness, the pause and explicitness can make the simile in itself less poetic. It is sought out for the sake of ornament, and therefore more decorative, and less functional, than metaphor, which is a source of expression that starts up instinctively with the process of sincere meditation. Metaphor is therefore more naturally poetic.

But what simile loses in suggestiveness, it gains in clearness. While metaphor gives words a figurative meaning, simile leaves them their natural and literal meaning. In simile two similar objects are compared; in metaphor the object spoken of disappears behind an object that is similar to it. We may further say that whereas simile lightens up discourse, metaphor darkens it, unless the likeness on which it is based be very obvious.

All this, however, does not imply that a simile is devoid of any poetic advantages. It has been said that one of its greatest uses is that "it takes one away from other circumstances and concentrates attention on one aspect particularly desired by the poet". To this may be added that simile gives great opportunity for the wandering fancy, but it is not appropriate only to that sort of work. Simile may be used by concentrated imagination, piercing into the meaning of the actual subject before it, as we notice in the following image from "Sohrab and Rustum":

STEINWAY

Merkwaardige reputasie deur die eeue opgebou.

PIANO'S

DIE INSTRUMENT VAN DIE ONSTERFLIKES

★ ★ ★

Word uitsluitlik die hele wêreld deur gebruik deur

ALLE VOORAANSTAANDE
MUSICI EN KONSERTSALE

★ ★ ★

Die hoogste artistiese prestasie van die pianomaker.

★ ★ ★

Enigste agente vir die Unie van Suid-Afrika —

POLLIACKS

H. POLLIACK & KIE. BPK.

WAARBY INGELYF IS

GEBRS. MACKAY BPK., GEBRS. MACKAY & McMAHON BPK.

KERKSTRAAT 241, PRETORIA

BULAWAYO en SALISBURY

DURBAN JOHANNESBURG KAAPSTAD

THE DRAMA

THERE are probably no two cultural interests so closely allied to each other as those of Music and Theatre. One might almost call them true sisters in art. Both are largely interdependent on each other. Opera and Ballet being two great examples.

During the last year there has been in South Africa a great revival in the living theatre. The larger towns are setting up professional and semi-professional repertory companies and have been playing to ever-increasing audiences. In the smaller towns great strides have been made by the National Theatre Organisation to cater for the wants of those who have no opportunity of hearing or seeing great dramatic works, and the interest taken in these productions has shown that there is again here an increasing population waiting this call on cultural development. The organisation is not based on a commercial-system entertainment pure and simple, but does endeavour to give the public some of the literary highlights of the theatre.

Perhaps the greatest fillip to the theatres in South Africa has been the visit of the Vic-Wells Company. This wonderful body, which has built itself up in spite of difficulty upon difficulty, showed us what can be done without actually commercialising same. The Shakespearean productions must have cheered the hearts of the students who "swot" these play for examination purposes with little or no insight into the producer's viewpoint. The conceptions of the various producers were original and often controversial, but to their credit, always highly artistic. The players were imbued with that high spirit of the theatre that calls for the highest standard. Perhaps we may see the rise in our own National Theatre of a South African Vic-Wells Company. All who love the theatre must sincerely say "We hope so."

„For we are all, like swimmers in the sea,
Poised on the top of a huge wave of Fate,
Which hangs uncertain to which side to fall.
And whether it will heave us up to land,
Or whether it will roll us out to sea,
Back out to sea, to the deep waves of death,
We know not, and no search will make us know:
Only the event will teach us in its hour."

As simile is a form of imagery, its main function is pictorial. It is greatly evocative, calling up before the mind's eye a picture which may or may not make clearer the object which it is intended to illustrate or embellish, but at all events make its own impression on the imagination. Often it has an attractiveness and beauty of its own. The following simile expresses Hermod's emotions, when, in the distance, he saw the approach of Heaven. It is also taken from "Balder Dead":

"And as a traveller in the early dawn
To the steep edge of some great valley comes,
Through which a river flows, and sees, beneath,
Clouds of white rolling vapours fill the vale,
But o'er them, on the farther slope, descries
Vineyards, and crofts, and pastures, bright with sun,
So Hermod, o'er the fog between, saw Heaven."

In "Sohrab and Rustum" the slender and graceful build of the young prince is compared to

". . . some young cypress, tall, and dark, and straight,
Which in a queen's secluded garden throws
Its slight dark shadow on the moonlit turf,
By midnight, to a bubbling fountain's sound . . ."

In the same epic narrative, the death of Sohrab is likened to the tender beauty of hyacinths:

"Piteous and lovely, lying on the sand,
Like some fresh hyacinth, which by the scythe
Of an unskilful gardener has been cut,
Mowing the garden grass-plots near its bed,
And lies, a fragrant tower of purple bloom,
On the mown, dying grass . . ."

By way of résumé we may say then that simile has a threefold function: intellectual, emotional, and aesthetic. In description, narrative and exposition, its natural work is to aid understanding by imparting clearness, simplicity, and, if possible, impressiveness also, to poetic thought. Its vivacity and fullness of detail, as well as its freshness and intensity in the hands of Matthew Arnold, is a great deal more valuable than its conventional decoration or superficial art.

Aanspreeklikheid vir Skade deur Diere aangerig

JUS.

„My hond het my skoonmoeder gebyt. Die troue dier is dood. Jy kan my gevoelens raai, maar ek kan nie die regsposisie raai nie. Gee tog raad asb." So het 'n vriend nou die dag sy nood by my kom klae. Daarom dat ek die een en ander wil sê aan vriende wat in 'n dergelike moeilikheid kan beland.

In die reël kan mens nie aanspreeklik wees vir die onregmatige daad of misdaad van 'n ander nie. So is 'n ouer nie aanspreeklik vir die onregmatige daad van sy kind nie en ewe min is die een gade aanspreeklik vir 'n delik deur die ander gepleeg. Oorgedraagde aanspreeklikheid (aanspreeklikheid vir die daad van 'n ander) is dus 'n rariteit, maar die rariteit kom tog voor. Ingevolge die Kinderwet kan 'n ouer onder sekere omstandighede aanspreeklik wees vir sekere misdade gepleeg deur sy minderjarige kind; in die deliktereg is 'n heer aanspreeklik vir delikte gepleeg deur sy dienaar binne die bestek van sy dienskontrak; en eindelik is mens ook aanspreeklik vir skade deur jou diere aangerig.

Hierdie aanspreeklikheid kan op een van twee gronde berus. In die eerste plek kan ek aanspreeklik wees omdat ek self 'n delik gepleeg het. Ek ja bv. my mak jakkals in 'n ander se hoenderhok, wel wetende dat die dier die hoenders gaan doodbyt. My buurman ly skade as gevolg van my *skuld;* ek is dus aanspreeklik omdat ek self 'n delik gepleeg het. In die tweede plek kan ek aanspreeklik wees vir skade deur my dier aangerig bloot omdat ek eienaar van die dier is. Ek weet nie eers dat my perd vir Jan geskop het nie, maar ek is tog onder sekere omstandighede aanspreeklik.

Die eerste aanspreeklikheidsgrond lewer geen moeilikheid op nie. Mens moet in elk geval vasstel of daar *skuld* aan die verweerder se kant was. Enige mens weet dat 'n meerkat geneigd is om te byt. In *Klein vs. Boshoff* (1931, C.P.D.) het die verweerder iemand genooi om by hom te kom eet. Sy meerkat het egter sy besoeker gebyt en hy moes skadevergoeding betaal omdat hy nalatig was. As ek my mak leeu na 'n bruilof neem en hy byt die bruid, dan moet ek skadevergoeding betaal vir haar mediese onkoste en gelede pyn. In alle sodanige gevalle is die verweerder aanspreeklik omdat hy 'n *gevaarlike* dier op so 'n wyse aangehou het dat hy skade vir 'n ander kon voorsien. Die grondslag van die aanspreeklikheid is dus die verweerder se skuld.

Die tweede aanspreeklikheidsgrond is egter 'n ander saak. Hier het mens te doen met *mak* en nie met gevaarlike diere nie. Ek hits my hond aan en hy byt vir Jan. Daar is skuld aan my kant en ek is aanspreeklik omdat ek 'n delik gepleeg het. Maar gestel dat my hond na 'n naburige plaas gaan kuier en daar byt hy vir Jan. Ek het geen skuld nie; die hond kon geen skuld hê nie; nogtans is ek aanspreeklik omdat ek die eienaar van die hond is.

In die Romeinse reg kon 'n persoon die *actio de pauperie* instel waar 'n mak dier hom skade veroorsaak het. Die eienaar het dan 'n keuse gehad; hy kon skadevergoeding betaal of, so nie, gebruik maak van *noxae deditio,* d.w.s. hy gee eenvoudig die dier aan die eiser en daarmee verval al sy aanspreeklikheid. In *O'Callaghan vs. Chaplin* (1927, A.D.) het die Appèlhof beslis dat die *actio de pauperie* nog by ons van toepassing is, maar dat *noxae deditio* deur onbruik verval het. Die voorvereistes vir die *actio de pauperie* is:—

In die eerste plek moes die dier *contra naturam siu generis* gehandel het. 'n Ou trekesel skop nie maklik

nie en 'n hond byt nie sommer nie. Maar as hy byt, handel hy teen sy eie natuur en is die eienaar aanspreeklik. Wanneer 'n dier teen sy eie natuur handel, moet van geval tot geval vasgestel word. Ons howe praat gewoonlik van „domesticated animals". 'n Hond is bv. „domesticated", maar 'n meerkat of mak leeu is nie. Ook 'n bul word geag 'n mak dier te wees, ofskoon mens dit beswaarlik kan sluk dat alle bulle sagsinnige, liefderike diere is.

In verband met hierdie eerste voorvereiste vind mens 'n eienaardige ongerymdheid. Ek het 'n hond en 'n mak leeu. Die hond byt vir Jan sonder enige skuld aan my kant. Ek is onskuldig, maar ek is aanspreeklik as eienaar omdat die hond *contra naturam* gehandel het. Die leeu byt vir Jan sonder skuld aan my kant; ek is nie aanspreeklik nie omdat die dier nie *contra naturam* gehandel het nie. Weliswaar sal daar 'n vermoede ontstaan dat ek nalatig was as my leeu vir Jan byt, maar as ek die vermoede weerlê het, gaan ek vry uit. Die verklaring vir hierdie anomalie moet waarskynlik in die geskiedkundige ontwikkeling van die hele leerstuk gesoek word. In die Romeinse reg was die slaaf oorspronklik net 'n brokkie eiendom. A se slaaf slaan B se slaaf dood. A se eiendom het dus B se eiendom vernietig. Maar 'n slaaf het tog 'n wil gehad; daar was 'n wilsuitoefening toe hy die daad gepleeg het. Gevolglik kon A sê: „Dit is nie ek wat die daad gepleeg het nie; neem die slaaf en maak met hom wat jy wil." In so 'n geval het A vry uitgegaan. Later is die handelinge van mak diere gelykgestel met die handelinge van slawe. Die eienaar was aanspreeklik vir skade aangerig deur sy beeste, perde, honde, ens., maar hy kon van *noxae deditio* gebruik maak. Op hierdie wyse het die verskil tussen mak en wilde diere ontstaan. Maar die idee van *noxae deditio* is 'n oeroue, uitgediende idee en in die *O'Callaghan*-saak het die Appèlhof dit dan ook verwerp. Waarom sou mens dan nog 'n verskil handhaaf wat sy ontstaan te danke gehad het aan 'n leerstuk *(noxae deditio)* wat nou daarmee heen is? In die hedendaagse Nederlandse reg is mens bv. as *eienaar* aanspreeklik vir skade deur al jou diere aangerig. So 'n reël sou nie onbillik werk nie. As A 'n meerkat in sy huis aanhou, behoort hy as eienaar aanspreeklik te wees as die dier vir B byt. As die meerkat egter ontsnap en na sy wilde staat in die natuur terugkeer, dan is A nie meer eienaar nie en is hy nie aanspreeklik as die dier vir B in die veld byt nie.

Die tweede voorvereiste vir aanspreeklikheid is dat die aanval (van die dier) nie deur die eiser of 'n derde persoon uitgelok moes gewees het nie. As mens 'n hond byt en hy byt jou terug, dan moet jy nie klae nie.

In die derde plek moet die skade nie aan 'n blote ongeluk te wyte wees nie. Die vereiste is dat die dier die skade moes aangerig het as gevolg van sy eie ondeug *(vice)*. Waar 'n disselboom dus breek met die gevolg dat die perd skrik, op loop sit en iemand beseer, daar is die eienaar nie as eienaar aanspreeklik nie, ofskoon hy wel aanspreeklik kan wees as die petalje aan sy skuld te wyte was.

Die laaste voorvereiste is dat die eiser regmatiglik moes gewees het op die plek waar hy beseer is. Maar wat beteken die woord „regmatiglik" in hierdie sin? Moes die eiser die *reg* gehad het om op die plek te wees, of is dit voldoende as hy daar was vir 'n *geoorloofde doel?* In 'n ou saak het die Transvaalse Hooggeregshof beslis dat die eiser die *reg* moes gehad het om op die plek te wees. Maar ons wil betoog dat dit 'n onhoudbare standpunt is. Die hele idee van die *actio de pauperie* is om die eienaar aanspreeklik te hou waar niemand behalwe die dier self vir die skade geblameer kan word nie en die bogemelde standpunt sou hierdie doel heeltemal verydel. As ek A se perseel met 'n ongeoorloofde doel betree en sy hond byt my, dan het ek die aanval uitgelok en is A nie aanspreeklik nie. Maar as ek ongenooid een aand om agtuur vir 'n mooi astertjie gaan kuier en haar vader se hond byt my as ek aan die deur klop, dan is niemand vir die besering te blameer nie en behoort die vader aanspreeklik te wees. Hierdie standpunt is dan ook onlangs deur die Transvaalse Hof gehandhaaf en daar is geweier om die vorige beslissing te volg. Die hof het nou beslis dat dit voldoende is as die eiser 'n geoorloofde doel gehad het. Natuurlik moet die eiser *redelik* gehandel het. As daar *cave canem* op die hek staan, maar ek gaan tog die nag om twee-uur klop om 'n paar sigarette te leen, sal ek nie teen die huisbaas slaag as sy hond my byt nie. Maar ek handel heeltemal redelik as ek die agtermiddag om vyfuur Piet se perseel betree om te verneem waar Jan woon.

Maar wat van die geval waar Jan se bok, heeltemal in ooreenstemming met sy natuur, my koolkoppe afvreet? In die Romeinse reg kon die *action de pastu* ingestel word waar diere (beeste, perde, skape, varke, ens.) op 'n ander se grond oortree het. Volgens 'n paar van ons ou skrywers het hierdie aksie nog deel van die reg van Holland gevorm. Maar die aksie is nou van weinig belang, aangesien ons gemenereg in hierdie verband nou vervang is deur die Skutordonnansies in die verskeie provinsies. Hierdie ordonnansies stel die eienaar aanspreeklik vir skade deur sy diere aangerig, of daar nou skuld aan sy kant was al dan nie. Mens moet dus ingevolge die skutwetgewing optree waar die *actio de pauperie* nie ingestel kan word nie.

Ons moet ook in gedagte hou dat mens *strafregtelik* aanspreeklik kan wees vir skade deur jou diere aangerig, maar dan alleen as daar skuld aan jou kant was. Onlangs het 'n baie pynlike geval nog in die Transvaal voorgekom. Ofskoon 'n persoon geweet het dat sy hond byt, het hy hom tog nie behoorlik onder beheer gehou nie en die hond het 'n kind sodanig gebyt dat die kind oorlede is. Hy het 'n strawwe vonnis vir strafwaardige manslag gekry.

Dit is interessant om daarop te let dat die Engelse reg in hierdie opsig heeltemal van ons reg verskil. In die Engelse reg berus aanspreeklikheid vir skade deur diere aangerig op skuld. Hulle het daar die sogenaamde „scienter doctrine". As mens eers weet dat jou hond byt en jy hou hom daarna nie behoorlik onder beheer nie, dan is jy skuldig en aanspreeklik as hy iemand byt. Dit bring dus mee dat 'n arme ou eers eenkeer deur die hond gebyt moes gewees het. Vandaar die gesegde: „A dog must have his one bite."

Eindelik kan ons net sê dat die gewone beginsels van noodweer natuurlik ook geld in die geval van 'n aanval deur 'n dier. Mens kan maar 'n ander se renoster doodskiet as die naaste boom te ver is.

WIE IS DIE GELUKKIGE MENS?

O. VON WEBER

HERODOTUS, die Griekse geskiedskrywer, het ons 'n baie waardevolle boek oor die Griekse geskiedenis van die vroegste tye tot die Persiese oorloë nagelaat. Sy werk beantwoord nog nie aan die eise wat ons vandag aan 'n wetenskaplike geskiedeniswerk stel en waaraan Thukydides bv. voldoen het nie. Dit is ook verstaanbaar; want Herodotus moes die aanvoorwerk op die gebied van die geskiedskrywing doen. In elk geval het sy werk een groot voordeel: dit is maklik en interessant geskryf. Een van die interessantste stukke is die gesprek tussen Kraisos en Solon oor die geluk van die mens.

Nadat Solon, die Atheense staatsman, in 594 sy wetgewing in Athene voltooi het, het hy volgens oorlewering die stad tien jaar lank verlaat en die Atheners verplig om gedurende hierdie tydperk die wette nie te wysig nie — Solon wou die tyd gebruik om deur reise sy kennis en insig te vermeerder. Die eerste land wat hy besoek het, was Egipte, 'n land met 'n kultuur duisende jare ouer as dié van die Grieke. Toe gaan hy na Indië waar destyds, soos Herodotus beweer, Kraisos koning was. Hierdie land was van ouds af beroemd weens die rykdom aan goud, en onder Kraisos het die handel, veral in die kusstede waar Grieke gewoon het, geweldig ontwikkel. Die koning, ofskoon volgens Griekse opvatting 'n barbaar, het van die Griekse kultuur en godsdiens gehou en bv. partykeer gesante na die Delphiese orakel gestuur. Indien Indië selfstandig gebly het, sou daar 'n Grieks-Indiese kultuur ontstaan het; maar die ontwikkeling is onderbreek deur die verowering deur Kyros en die Perse.

Toe Solon in Sardis, die hoofstad van Indië, kom — so vertel Herodotus — is hy deur die koning vriendelik ontvang. Na 'n paar dae het Kraisos opdrag aan sy mense gegee om Solon deur die koninklike skathuise rond te neem waar die geweldige rykdom van die koning gebêre was. Daarna vra Kraisos vir Solon: „Jy is bekend as 'n liefhebber van wysheid (filosoof); ek vra vir jou, het jy iemand gesien wat die gelukkigste van alle mense is?" En Solon het geantwoord: „Ja, Tellos van Athene." En toe hy sien dat Kraisos oor die antwoord verbaas en teleurgesteld was, het hy gesê: „Tellos het in 'n tyd geleef toe sy vaderstad gebloei het. Hy het goeie kinders gehad, en dié het ook kinders gehad en almal het hom oorleef. Aardse goed het hy genoeg gehad om van te lewe. En hy het op 'n mooi manier gesterf: gedurende 'n oorlog het hy by die leër aangesluit, deur sy toedoen is die oorwinning behaal en nadat hy dit verneem het, het hy gesneuwel. Die Atheners het hom van staatsweë begrawe waar hy gedood is en hom groot eer bewys."

Kraisos was egter met die antwoord nie tevrede nie en het vir die tweede keer gevra wie ná Tellos die gelukkigste man is; want hy was oortuig daarvan dat hy, die koning, in 'n baie gelukkige toestand verkeer. Solon stel hom weer teleur met sy antwoord: „Kleobis en Biton." En hy vertel van die lewe van die twee broers: „Hulle het genoeg gehad om van te lewe en hulle was baie sterk en daarom het hulle pryse by wedstryde verower. Hul moeder was 'n

Die skrywer

priesteres van die godin Hera en volgens heilige wet moes sy op 'n bepaalde tydstip na die tempel ry, maar die trekosse was nie daar nie. Omdat die tyd kort was, het die seuns hulself voor die wa gespan en hul moeder oor 'n afstand van 'n paar myl na die tempel getrek. Die hele gemeente het dit gesien en die seuns weens hul sterkte en hul moeder weens haar voortreflike seuns geprys. Die moeder, bly oor hul daad en hul roem, het die godin Hera voor haar standbeeld gesmeek om vir haar seuns die beste te gee wat 'n mens kan kry. En terwyl hulle die offerandes bring en eet, het hulle aan die slaap geraak en nie weer opgestaan nie. Die godheid het daardeur te kenne gegee dat dit vir die mens beter is om dood te wees as om te lewe. Die Argivers (aan daardie stam het die seuns behoort) het hul standbeelde op Delphi laat oprig omdat hulle so voortreflik was."

Op die vraag van die koning wat teen dié tyd al kwaad was, gee Solon die redes waarom hy nie die naam Kraisos genoem het nie: „Die godheid is jaloers, en voordat ek nie weet hoe jou lewe geëindig het nie kan ek jou nie gelukkig noem nie." Inderdaad het 'n swaar ongeluk later vir Kraisos getref. Sy ryk is deur die Persiese koning Kyros verower, hyself is gevang en na die brandstapel gestuur. Toe hy nou in die gedrang is, roep hy hardop: „Solon, Solon." Kyros hoor die bekende naam, laat sy ge-

vangene ondervra en toe hy verneem wat Solon vir Kraisos gesê het, los hy hom en behandel Kraisos as vriend.

Om kronologiese redes is dit onmoontlik dat die gesprek soos Herodotus dit vertel, plaasgevind het; want Solon het sy wette in 594 uitgevaardig, sy reise val dus in die jare 593—583, terwyl Kraisos van 560—546 regeer het; ook is daar heelwat onsekerheid of die verhaal van die gesprek uit die oorlewering geput is. Daar was 'n wyd verspreide legende van die sewe wyse manne van wie Solon een was wat by Kraisos besoek afgelê het; en op Delphi is vóór Herodotus se tyd standbeelde van Kleobis en Biton opgerig waarvan ons nog 'n paar oorblyfsels het. Seker het Herodotus daar 'n verhaal omtrent hulle gehoor. Maar hoe dit ook al sy, die antwoorde wat Solon gee, is Herodotus se eie mening. In sy werk verwys hy partykeer na die beginsel wat hy deur die gesprek verduidelik, naamlik dat die godheid jaloers is en dat 'n mens wat sy perke oorskry deur die gode gestraf word; daarvoor bring hy in sy boek later heelwat voorbeelde.

Solon (of Herodotus) meen dat daar geluk op aarde moontlik is; op Kraisos se vraag wie die gelukkigste is, noem Solon 'n naam; maar die aard van die geluk is in die twee antwoorde wyd uiteenlopend en berus op twee verskillende lewensbeskouings.

Tellos het in 'n tyd gelewe toe Athene gebloei het. Die noue verband van die gemeenskap wat alle burgers saamsluit, het tot gevolg dat persoonlike geluk nie moontlik is indien die stad nie in 'n gelukkige posisie verkeer nie. Wie nie aan die staatslewe deelneem nie en homself afsonder, is 'n „privaatman" (Idiotes) en die betekenis van die Griekse woord in ons moderne tale dui aan dat so 'n man nie gereken was nie. Van Tellos se vrou word niks gesê nie: die vrou het in Athene 'n ondergeskikte rol gespeel. Maar belangrik is dat sy kinders „mooi en goed" was en dat van sy nageslag niemand voor hom gesterf het nie. Aangesien die kindersterfte in Griekeland baie hoog was, was dit 'n besondere geluk. So was die bestaan van sy gesin en die versorging van sy graf verseker. Rykdom is vir die geluk van 'n mens nie nodig nie, maar kan skadelik wees soos die voorbeeld van Kraisos toon. Aan die ander kant is armoede 'n nadeel. Tellos het genoeg inkomste gehad om binne die perke van 'n Atheense burger daarvan te lewe. Solon beklemtoon dat 'n mens nie as gelukkig beskou kan word voordat sy lewe afgeloop is nie. Voordat Tellos sterf, verneem hy nog van sy vaderstad se oorwinning waaraan hyself 'n groot aandeel gehad het. Dus word weer daaraan herinner dat 'n mens net gelukkig kan wees indien die vaderland gelukkig is. En groot eer is aan Tellos bewys by sy begrafnis. Die waardie van 'n mens word bepaal deur die eer wat die gemeenskap aan hom betoon, en dié het Tellos ten volle ontvang.

Hier het ons die teenstelling van die eenvoudige Atheense burger wat binne sy perke 'n gelukkige lewe gelei het en die skatryke barbaarse beskouing wat meen dat rykdom die geluk verseker. Tellos het sy doel in sy gesin en in sy stad bereik en 'n lewe sonder leed gelei. Rykdom en mag is nie nodig vir die geluk nie, maar wel om jou plek te kan volstaan. Kraisos word juis deur sy rykdom en die feit dat hy hom daarop beroem, in die ongeluk gedompel.

In sekere opsig stem Solon se tweede antwoord met die eerste ooreen. Die twee broers Kleobis en Biton het genoeg besittings vir hul lewe gehad, maar was ook nie ryk nie. Hulle was gereken in die samelewing, want hulle het op grond van hul sterkte pryse verower, die versamelde gemeenskap het hulle toegejuig toe hulle hul moeder na die tempel getrek het, en hul medeburgers het hul standbeelde op Delphi opgerig ter herinnering aan hul voortreflikheid. Deur hul vroeë dood het die godheid egter getoon dat die lewe nie 'n geluk is nie. Dit is 'n pessimistiese lewensbeskouing, en hier lê die groot verskil tussen Solon se tweede antwoord en die eerste een.

Solon verdeel as 't ware twee pryse in die wedstryd om die geluk; die eerste gaan na Tellos, die tweede na die twee broers. 'n Vergelyking tussen die twee antwoorde toon dat daar tussen die lewens van Tellos en die broers eintlik nie 'n verskil is nie; hulle het hul onderskeidelike plekke volgestaan. Solon beskryf die goeie geaardheid van die seuns met 'n besondere liefde; hulle sterf omdat hulle so groot eerbied aan hul moeder en die godin betoon het en voor hul dood het hulle groot eer ontvang. Hulle behaal egter net die tweede prys. Die rede blyk te wees dat hulle hul lewe nie kon uitleef nie. Hulle het nie gesinne gehad nie, maar het voor die tyd gesterf; so het hulle die doel (telos) van die lewe nie bereik nie. Herodotus is dit nie heeltemal eens met die sombere idee van die menslike lewe soos dit in die oorgelewerde verhaal van Kleobis en Biton uitgebeeld is nie; hy hou meer van die positiewe kant soos die lewe van Tellos ons dit verduidelik.

B.ED. DEGREE

STUDENTS in Education, and especially teachers, will be interested to learn that for many of them the road to the B.Ed. course has now been made considerably easier.

Formerly, candidates who wished to proceed to the B.Ed. degree were required to hold a degree and the U.E.D. If they did not have the latter, they could, after ten years' teaching experience, write the B.Ed. Admission Examination and then be admitted.

In future candidates will be admitted directly to the B.Ed. course on condition that they have:—

(a) A degree and the U.E.D.,

or

(b) a degree plus a teacher's certificate and five years' experience, and have passed the B.Ed. Admission Examination,

or

(c) a degree plus a teacher's certificate and ten years' experience.

This is a welcome change, and we are sure that students will gladly avail themselves of this opportunity to improve their qualifications.



"It was almost dawn when we reached Dar-es-Salaam."

ZANZIBAR: An afterthought

F. D. SINCLAIR

I

IT was almost dawn when we reached Dar-es-Salaam.

We had sat on deck until after midnight, five of us, all of different nationalities, drinking, and rebuilding the world; so that I was heavy and dull, disinclined to face even the half-light. But, at my companion's urgent shaking, I got up and went to the port-hole.

Wonderful soft coolness, and the smell of vegetation, rich, voluptuous, after the days of fine sea air. For a few seconds nothing touched me: I was aware of only those two things. Perhaps my eyes were shut. Then, quite suddenly, I was awake, clear-headed and alert.

The sky was a fleece of gray clouds behind which light was growing. It was as though night were breaking up, its particles dissolving. Everything was grey.

We were passing through the entrance channel of the harbour. It was difficult to believe it wide or deep enough to take such a ship as ours. Close up against us, only feet away, lay the hulk of an old floating-dock, sunk in an attempt to block the narrow way; and beyond, no more than yards, the irregular line of palms, still, black silhouettes against the broken sky.

The ship was moving almost imperceptibly, scarcely stirring the grey water, lost in a silent world. The banks seemed to pass us by, to parade as a mannequin glides, holding an affected and strangely beautiful pose.

